



# Sonneblom met hoë olie-inhoud sit meer geld in boer se sak

Syngenta wil op die Nampo-oesdag sy volhoubaarheidsdoelwit ten toon stel om te wys gehaltekos is binne alle mense se bereik.

**D**ie Nampo-oesdag is 'n geleentheid vir insetverskaffers om met produsente te gesels oor bekende en nuwe produkte op die mark. Dit bied eweneens die geleentheid om die siel van die landbou met die verbruiker te deel en te wys hoe ineengevleg gewasproduksie met die verbruiker se lewe is – van die plaas tot op die verbruiker se bord.

'n Deel van Syngenta se volhoubaarheidsdoelwitte is om te verseker dat veilige kos van 'n goeie gehalte binne die bereik van alle mense is. "Dit is wat ons op die Nampo-oesdag wil wys," sê Hendrik van Staden, Syngenta Saad se sakehoof in Afrika suid van die Sahara.

"Syngenta word gesien as die wêreldleier in sonneblomteelmateriaal, en die goeie nuus is dat dit nou onder die Sensako-handelsmerk beskikbaar is. Die nuutste sonneblomteelmateriaal uit Argentinië is uitstekend aangepas vir Suid-Afrika se produksietoestande. Hierdie kultivars met 'n hoë olie-inhoud het bykomende weerstand teen onkruidodders."

Die vier Sensako-sonneblombasters wat tans op die mark beskikbaar is, te wete SY 3970 CL, SNK 270 CL, SNK 242 CL en SNK 441 CL, bied 'n goeie pakketkeuse.

"Ons beveel aan dat produ-

sente 'n basterpakket gebruik om siektes en droogtestres strategies te bestuur," sê Hendrik.

SNK 441 CL (70-72 dae tot 50% blom) en SY 3970 CL (66-70 dae tot 50% blom) bied die opsie om vroeg te plant, terwyl SNK 270 CL (64-68 dae tot 50% blom) en SNK 242 CL (62-64 dae tot 50% blom) meer buigsaamheid bied omdat dit vir vroeë of later aanplantings geskik is.

"Benewens die plant van 'n pakket beveel ons aan dat produsente plantdatums versprei vir nóg beter risikobestuur en optimale opbrengste."

Volgens Hendrik is die dae verby dat net na opbrengs gekyk word wanneer kultivarkeuses gemaak word.

"Die verskeidenheid hoëgehalte-sonneblomsaad wat vir verskeie plantdatums geskik is, verseker nie net beter opbrengs en produktiwiteit nie, maar speel ook 'n groot rol in die bestuur van risiko's, soos siektes, plaeg en klimaatskommelinge, wat met graanproduksie gepaard gaan.

"Die seleksie van goed aangepaste basters wat ook 'n hoë oliepersentasie lewer, is 'n doeltreffende manier om meer geld in die produsent se sak te sit. Die toekoms van sonneblom lê in olie. In die verlede was die klem hoofsaaklik op graanopbrengs, maar die nuwe klem



Syngenta se hoogs aangeskrewe sonneblomteelmateriaal is nou onder die Sensako-handelsmerk beskikbaar. FOTO: VERSKAF

is op basters met 'n hoë olie-inhoud wat tot die verwerker en produsent se winsgewendheid kan bydra," sê Hendrik.

Die huidige olie-inhoud van sonneblomsaad is van 36% tot 38%, maar met die Sensako-sonneblombasters kan produsente van 42% tot 55% olie realiseer. "As 'n mens die premie in ag neem wat produsente vir olie kan kry, maak dit 'n beduidende verskil aan die inkomste wat ná die seisoen verkry kan word."

## Digitale dienste

Die digitale gedeelte van landboubeplanning en -produksie word al hoe belangriker en Syngenta se digitale dienste kom ook in die kollig.

Cropwise Seed Selector vergemaklik die seleksie van saadkultivars deur die kultivar wat die beste vir die gewese ligging en vereistes presteer, te bepaal.

Cropwise Operations help produsente om elke land se potensiaal te ontsluit met hoë-

resolusie-satellietmonitering, tydige data en omvattende funksionaliteit vir boerderybestuur. Cropwise Operations bied ook oeskattings deur die jaar wat die maatskappy help om die hoeveelheid beskikbare saad te bestuur. Dit is 'n omvattende program wat alle inligting oor jou boerdery op een platform vasvang. Dit is as 'n toepassing op fone en aanlyn beskikbaar.

"Vir Syngenta Saad is kliënteverhoudinge baie belangrik. Saam met die nuwe produkte glo ons ons kan verdere vertroue in ons sonneblompakket bou," sê Hendrik.

"Ons sien uit na Nampo. Dit bly 'n voorreg om met graanprodusente, landboubesighede en Graan SA te gesels oor kwesies en moontlike oplossings vir volhoubare en winsgewende graanboerdery in die somerproduksiegebiede." **LBW**

NAVRAE: Web: [www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za), [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)